

12 APRIL 2020



3iG

'n saam-glo dissipelskap gesprek

nouts
praktiese wysheid...

saam bid

Ons vind nie tyd vir gebed nie, ons maak dit.

B.I.D. staan vir:

B: Bely teenoor God Wie Hy vir jou is en bely ook jou gesukkel vir Hom.

I: Intree vir ander (bv. Jou 3iG-lede, jou familie, wêreld, ens.).

D: Dankie-sê, maak daagliks jou dankie-lys en dank God daarvoor.

LEWENS-LEUSE: Bely elke oggend en aand 1 Kor. 9:23 se waarheid:

^{*23}Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê."

Ons lees nie die Bybel nie, ons laat die Bybel ons lees.

saam groei

Die eerste persoon wat volgens die Johannes-evangelie by die graf aankom is 'n vrou Maria Magdalena. Sy loop letterlik in die opgestane Here Jesus vas, sonder dat sy besef wie Hy werklik is. Hiermee saam fokus Johannes op die geliefde dissipel wat hy wanneer hy die leë graf sien. Van Maria Magdalene weet ons dat sy afkomstig was van die dorpie Magdala, aan die noordwestelike oewer van die See van Galilea. Lukas berig in 8:2 dat Jesus vroeër sewe duiwels uit haar gedryf het. Sy was deel van 'n groep vroue wat Jesus van daardie moment af begin volg het. Maria Magdalene herken nie die opgestane Here Jesus nie, soos talle ander volgens die ander evangelies die verheerlikte, opgestane Here ook nie herken het nie. Dit is eers as Jesus haar op haar naam noem, soos Hy in 10:3 belowe het, dat haar oë oopgaan vir wie Hy werklik is. Hierdie verhouding tussen die Herder en sy skape is 'n unieke verhouding. Maria kry hier die opdrag om die boodskap van sy opstanding aan die dissipels mee te deel. Maria word sodoende die apostel vir die apostels. Lees hierdie verhaal in die Bybel.

Jesus verwag van ons minder nastaar (admiration) en meer naleef (imitation).

saam gesels

1. Gesels onder mekaar wat Paasfees en die opstandingsgebeure in jou lewe vir jou beteken. Skenk ons genoeg aandag daaraan? Hou ons dit genoeg in gedagte. Deel ook met mekaar wat was in die verlede die mees treffende manier om die opstanding van Jesus te leef.
2. Behalwe die verwysing na Maria Magdalena in Luk. 8:2, vind ons haar ook by die kruis (Joh. 19:25). Sy was 'n vrou met 'n storie van seerkry en pyn. Een wat ook

deur Jesus heelgemaak is. Waarom, dink julle, gebruik die Here altyd brose, brose en nederige mense?

3. Maria kom by die graf aan op daardie Sondagmôre en sien dat die graf weggerol is. Wat, dink julle, moes deur haar gedagtes gemaak het? Watter emosies het sy ervaar, as julle julle in haar skoene indink? Wat dink julle van haar vermoede dat die Here weggevat is?
4. Die berig oor die doek is uiters veelseggend. Wat, is na julle mening, die betekenis daarvan dat die doek wat om Jesus se kop was, eenkant opgerol gele het?
5. Binne die graf is daar onbetwisbare tekens van Jesus se opstanding, maar sy staan buite die graf en huil. Versinnebeeld dit nie dal kook ons lewe nie? Ons sien tekens van hoop, maar glo dit nie maklik nie en word terselfdertyd oorweldig deur ander pynlike werklikhede soos siekte, verlies, swaarkry en teleurstelling.
6. Dink na oor die betekenis van die engele se vraag: "Mevrou, waarom huil jy?" Namens wie vra die engele dit? Dan draai sy om en sy sien Jesus, wat ook vra:

Eers vorm ons gewoontes en dan vorm die gewoontes ons.

saam stap

Geloofsgewoonte: Om ons daarin te oefen om bewus van God te leef. Met hierdie geloofsgewoonte leer ons om die stem, leiding en teenwoordigheid van God in ons alledaagse lewe raak te sien. Hierdie gewoonte skep 'n dieper bewussyn van God se wil vir ons lewe. Lees hieroor Fil. 1:9-10 en Kol. 1:9.

Doen-dinge:

1. Neem aan die einde van elke dag, die dag in oënskou. Dink terug aan oomblikke waar jy liefde ontvang of gegee het. Waar was jy bewus van die Here se teenwoordigheid?
2. Reflekteer oor die hoogte- en laagtepunte van die dag. Hoe nooi die Here jou om te bid oor die hoogte- en laagtepunte voordat jy aan die slaappraak?
3. Steek 'n kers aan en raak bewus van die Here se teenwoordigheid. Plaas jou hand op jou hart en vra die Heilige Gees om daardie oomblik van die dag waarvoor jy die dankbaarste is vir jou uit te wys. Sê dan vir die Here dankie daarvoor.

Dink-dinge:

1. Hoe sien jy gewoonlik God se teenwoordigheid raak? Hoe reageer jy op sy teenwoordigheid?
2. Wat het die Here die afgelope ses maande in jou lewe gedoen?
3. Dink aan die vrug van die Gees. Waar, dink jy, wil die Here dit gebruik om sy teenwoordigheid vir ander deur jou te wys?

3 STAPPE

'n 3iG-groep is 'n saam-glo groep wat deur bid, groei en dien Jesus dieper volg. Drie mense wat kies om saam te bid, saam te luister en saam ons geloof te leef.

2 ANDER

Dit is slegs ek en 2 vriende wat 'n spontane groep vorm. Dit kan egter ook uit meer as drie mense wees: ons familie of vriende of kollegas of mense in die gemeente.

1 GESREK

Ons maak weekliks met mekaar kontak (deur 'n koffie-afspraak of telefonies) rondom die gefokusde saam-gesels van die week. Die leier – wat elke week wissel – sorg dat ons mekaar daardie week sien.